Lêer verw/ Navrae/Enquiries:
File ref: 15/3/10-9/Erf_4034 Mnr AJ Burger

22 Oktober 2015

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Per Geregistreerde Pos

Meneer/ Dame

VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4034, MOORREESBURG

U aansoek ontvang op 27 Augustus 2015 met verwysing MOOR/9290/IJ, rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n huiswinkel op erf 4034, geleë te Eerstelaan, Moorreesburg ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015), goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

a) dat die grootte van die huiswinkel beperk word tot ±23m²;
b) dat die goedkeuring vir die bedryf van die huiswinkel tot die eienaars (Roland & Marietha Beukes) beperk word en is hierdie goedkeuring nie oordraagbaar nie;
c) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
d) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Dat slegs een teken wat nie groter as 1m² in oppervlakte is nie en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, toegelaat sal word, en geen gedeelte daarvan mag die erfgrense oorskry nie terwyl die teken slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die kleinhandelbesigheid mag aandui;
e) dat nie meer as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, by die sake-aktiwiteite van die huiswinkel op die grondeenheid betrokke mag wees nie;
f) dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;
g) dat die nodige maatreëls getref moet word in die voorkoming van knaagdiere en insekte;
h) dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;
i) dat slegs vooraf verpakte en verseëlde voedselware verkoop mag word;

j) dat geen voedselvoorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;
k) die volgende word nie in ‘n huiswinkel toegelaat nie:
- verkoop van wyn en alkoholiese drank;
- stoor of verkoop van gas en gashouers;
- muntmasjiene;
- video speletjies, en
- snoeker- en potspeltafels, en
l) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen;
m) dat ‘n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
n) dat hierdie goedkeuring binne die huiswinkel vertoon word;
o) dat geen gedeelte van die gebou waarin die huiswinkel bedryf word vir bewoningsdoeleindes gebruik mag word nie;

2. WATER

a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

3. RIOOL

a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

4. VULLISVERWYDERING

a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

5. WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT

a) dat alvorens die huiswinkel in bedryf kom, moet bouplanne vir kommentaar aan die Afdeling: Omgewingsgesondheid voorsien word;
b) dat ‘n aansoek vir ‘n geskiktheidsertifikaat vir die bedryf van ‘n voedselperseel gerig word aan die Afdeling: Omgewingsgesondheid;
c) dat alle gesondheidsvereiestes nagekom word alvorens sodanige sertifikaat uitgereik sal word en die huiswinkel bedryf mag word nie.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

Afskrifte: Boubeheerbeampte

Departement: Siviele Ingenieursdienste

Departement: Finansiële Dienste

R & MM Beukes, Eerstelaan 15, Moorreesburg, 7310

Redes vir goedkeuring

- Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Moorreesburg.
- Die aansoek voldoen aan die soneringsparameters soos van toepassing op huiswinkels.
- Alle omliggende/affekteerde eienaars se skriftelike toestemming is verkry.